Geregistreer aan die Hoofposkantoor as 'n Nuusblad.

# O.B.

Jrg. 10 | Kaapstad, 13 Desember 1950 | Prys 3d. | No. 4

# Afrika Skop Imperialiste In 'n Bondel Uit

## £36 Miljoen Vermors In Groot Plan

**Terwyl Brittanje met die een hand miljoene Marshall-hulpdollars uit Amerika in ontvangs neem, het hy met die ander hand £36,000,000 vermors op 'n grondboontjieskema in Tanganjika wat nou laat vaar is omdat dit 'n volslae mislukking was. In sy imperiale wysheid het die regering van Brittanje besluit om 'n reuse-staatsboerdery in Oos-Afrika te onderneem. Groot Britse skepe het swaarbelaai met trekkers, stootskrapers, ploeë en al die bykomstige landbougereedskap uit Britse hawens vertrek na Dar-es-Salaam. Ander skepe het honderde hoopvolle arbeiders vervoer.**

In die binneland, 200 tot 300 myl van die hawe af, is in alleryl aan die werk gespring. 'n Paar nuwe dorpe, wat ryk voedselskure sou word, het verrys en in 90,000 omliggende akkers is die oerwoud uitgeroei en die grond gelykgemaak vir bewerking. Die Empire sou begin boer in Afrika.

**Net maar vir 'n klein rukkie — om presies te wees vir 50 jaar — sou die Empire se eie belang bevorder word en dan sou Britse altruïsme seëvier. Dan sou die bewerkte grond — teen daardie tyd seker al 'n paar miljoen akkers — op gedeel word in klein plasies waarop naturelle-boere gevestig sou word. Dit was die plan.**

Maar, helaas! Die Empire het gewik, maar dis anders beskik.

### DIE AFTOG

Die trekkers en die stootskrapers en die ploeë en die bykomstige landbougereedskap is maar weer in Dar-es-Salaam op Britse skepe gelaai en teruggestuur na Britse hawens. Maar net hierdie keer was die skepe ligter want deel van die vrag het in Afrika agtergebly om te verroes. En die honderde arbeiders wat die Empire in Tanganjika sou uitbou is weer terug in hul eiland-tuiste — behalwe die paar wat as opsigters oor verydelde Britse drome in Afrika agtergelaat is. En die eens belowende dorpies het spook-gehugte geword. En rondom hulle lê ses-en-dertig miljoen Britse ponde vermors.

**Die eerste, en die enigste, en ek voorspel die laaste poging van die Imperiale regering om in Afrika as boer te ontluik, het misluk.**

### AFRIKA VRA LIEFDE

Maar as die mislukking van die imperiale regering vir hom die les sal leer wat die Afrikanerboer reeds meer as 'n eeu gelede geleer het, dan sal die mislukking 'n bedekte seën wees. **Die Afrikanerboer het geleer dat die Afrikaanse bodem die tydelike roofbouer genadeloos afskud. Die Afrikanerboer het geleer dat moeder Afrika diegene wat haar bodem liefhet as 'n tuiste somtyds kasty maar dikwels troetel. Daarom kon die Afrikaners op die Afrikaanse bodem 'n nuwe nasie word — want hulle het die bodem as hul vaderland aanvaar.**

**Slegs as hulle vir haar liefde gee, dra Afrika haar kinders. Dit is die geheim van die Afrikaners se sukses om Afrika te koloniseer.**

### DIE LES

Die les wat Brittanje moet leer is dat Afrika slegs ontwikkel kan word as die blankes wat die ontwikkelingswerk moet doen die betrokke bodem as hul tuiste aanvaar en dit beveilig vir hul nageslagte. **En die Afrikaners het oor en oor bewys dat hulle aangewese is om die leiding te neem in die ontwikkeling van Afrika.**

# Moskou Wil Swart Nasionalisme In Afrika Aanstook

**Met die oog op die vrugte op sy arbeid wat hy tans in Asië oes, het die Kremlin besluit om dieselfde taktiek van nasionale opsweping in Afrika te volg, berig 'n spesiale korrespondent van Forward, as synde die gevolgtrekking van 'n linksgesinde afgevaardigde wat so pas van 'n konferensie van agter die Ystergordyn teruggekeer het.**

Die persoon verklaar dat daar 'n aansienlike vermeerdering **in die aantal inboorlinge uit Afrika is wat die politieke skool van Moskou bywoon, waar hulle nie net as propagandiste opgelei word nie, maar ook as toekomstige leiers van die nasionale bewegings onder die inlandse bevolkings van Afrika.**

Die Kremlin is oortuig — uit sy ondervinding in die Ooste — dat gebruikmaking van nasionalisme in Afrika van groter waarde is as die doktrinêre Kommunistiese metodes. **Vir dié doel sal Moskou hom toespits op die aanwakkering van 'n skerper nasionale en kleurgevoel onder die inboorlinge van Afrika.** Moskou is, na die segsman beweer, verder oortuig dat daar groter welslae behaal sal word indien die revolusie in Afrika 'n suiwer Afrika-aangeleentheid gehou word onder naturelle-leiding.

## Truman Sal Eers Sê Voor Atoombom Val

Pres. Truman en Attlee het na hul samesprekings 'n verklaring uitgereik waarin hulle hul voorneme uitspreek om die agressie van Sjina in Korea langs vreedsame weg op te los, hoewel hulle beklemtoon dat hulle geen paaiery of beloning vir agressie op enige plek beoog nie.

Daar is ook ooreengekom dat die verskille tussen die twee lande oor die toelating van die Sjinese regering tot die V.V.O. „nie sal inmeng in ons verenigde poging ter steun van ons gemeenskaplike oogmerke nie."

'n Belangrike gevolg tussen die samesprekings was dat daadwerklike stappe nou gedoen sal word om Europa so sterk moontlik te maak. Aan die ander kant het Truman onderneem om nie die atoombom in die huidige wêreldtoestand te gebruik nie en dat hy die Britse eerste minister sal inlig indien daar 'n verandering in die toestand kom.

As dit beteken dat Amerika die bom eers sal gebruik nadat Brittanje in kennis gestel is, kom dit prakties daarop neer dat ook Rusland by voorbaat in kennis gestel sal word — dit waarborg die lekkasies in Britse vertrouenskringe.

## BRITTANJE SIT VOOR

Die Britse Statebond se afgevaardigdes na die V.V.O. het verlede week 'n konferensie in Washington gehou. Die Britse eerste minister, Clement Attlee, het opgetree as voorsitter.

## Deur Moskou Opgestel

**Die Amerikaanse blad TIME berig dat toe die Sjinese afvaardiging na die V.V.O. in Amerika aangekom het, hy ontmoet is deur Jakob Malik, Russiese verteenwoordiger, wat die leier dadelik 'n koevert papiere oorhandig het. 'n Paar minute later het laasgenoemde dieselfde papiere aan joernaliste uitgedeel as synde 'n persverklaring van hom.**

# Brittanje Se Beginsels Is Gebaseer Op Syfers

**Die Britse eerste minister, Clement Attlee, het verlede week 'n brawe poging aangewend om die Amerikaners te beduie dat hy nie ten gunste van 'n paaibeleid teenoor Sjina is nie. Voor sy vertrek het die Engelse pers berig dat deel van sy samesprekings met pres. Truman sal gaan oor „die moontlikheid om met die Kommunistiese afgevaardigdes van Sjina op die V.V.O. te onderhandel oor beëindiging van die botsing", en dat laasgenoemde se terme onder meer sou wees toelating van Sjina as lid van die V.V.O. se Veiligheidsraad.**

In sy ontkenning het Attlee dit wel nodig gevind om Brittanje se standpunt teenoor Sjina te regverdig, en die volgende rede aangevoer vir die Britse erkenning van die Kommunistiese regering:

„Aan ons word gevra hoe ons diplomatieke betrekkinge kan hê met die regering van Sjina wanneer sy beleid met die oogmerke van die V.V.O. in Korea bots. My antwoord is heeltemal reguit: **Die Sjinese volksregering het beheer oor die hele Sjinese vasteland en nagenoeg 400,000,000 Sjinese.** Dit is harde feite en dit deug nie om die oë daarvoor te sluit nie. Ons erkenning van die Sjinese regering was 'n erkenning van in die ooglopende feite."

Hier het ons die tipiese uitspraak van 'n Brit by wie beginsel nie 'n trippens tel nie. Toe die politieke komitee van die V.V.O. verlede maand gestem het vir die herstel van diplomatieke betrekkinge met **Spanje**, het die Britse onderminister van buitelandse sake, Ernest Davies, sy rede waarom Brittanje nie vir die voorstel gestem het nie, as volg gestel:

**„Ons veroordeel nog steeds die grondslag waarop die Franco-bewind tot stand gekom het. Ons is gekant teen baie van die stappe wat genl. Franco gedoen het ter voortsetting van sy bewind."**

Hoe beginselvas!

Maar 'n maand later verklaar die Britse eerste minister dat hy diplomatieke betrekkinge met rooi Sjina aangeknoop het omdat hy rekening hou met feite!

**Die anti-Kommunistiese rebel, genl. Franco, geniet geen Britse erkenning nie weens die Britse afsku vir sy ondemokratiese bewindsverowering en -handhawing. Die Kommunistiese rebel, genl. Mao Tsetoeng, wat die bewind oor sy land met ondemokratiese metodes verower het en handhaaf, geniet wel die Britse erkenning — want hy beskik oor 400,000,000 onderdane, en genl. Franco oor net 30,000,000.**

As 'n man net sterk genoeg is, dan is jy reg in Britse oë — en as jy swak is, dan is jy verkeerd, en hoe swakker hoe verkeerder — getuie die wet van Neurenberg waar Duitse offisiere as misdadigers opgehang is vir dieselfde dinge waarvoor Britse offisiere dekorasies ontvang.

**Hierdie „beginsel" sou sekerlik ook 'n rigsnoer vir Clement Attlee gewees het in sy samesprekings met Harry Truman oor Sjina (met sy 400,000,000 mense). Die feit dat hy in die openbaar ontken het dat hy Sjina wil paai, moet miskien toegeskryf word aan dieselfde beginsel — die feit dat Truman beskik oor 170,000,000 mense en Attlee oor 40,000,000.**

## Banger As Vir Kommuniste

Die Italiaanse beweging M.S.I., wat beskou word as 'n nuwe fascistiese organisasie, is besig om so vinnig veld te wen dat die regering van voorneme is om hom binne die volgende paar maande onwettig te verklaar. Na berig word, bestaan sy geledere hoofsaaklik uit jong mense uit die opgevoede klasse, en die regering is banger vir hom as vir die Kommunistiese Party, hoewel hy nog maar net 500,000 stemme by die jongste verkiesing getrek het. Die Kommunistiese Party se ledetal alleen tel oor die twee miljoen.

## SKOTTE EIS SELFBESTUUR

Die Skotse beweging vir selfbestuur het besluit om 'n versoekskrif regstreeks aan die koning te rig nadat hul pogings om deur middel van die politieke partye op te tree, misluk het. Voordat dit gebeur, sal hulle vir oulaas probeer om die eerste minister, Attlee, en die leier van die opposisie, Churchill, persoonlik te nader.

Die kwessie van afskeiding is een van die warmste politieke strydpunte in Skotland vandag en die beweging word gelei deur John MacCormick.

## Takel Nog Steeds Af

**Dit is byna ongelooflik dat die Britte nog steeds met hul aftakeling van Duitse nywerhede voortgaan in die aangesig van die huidige wêreldtoestand, maar die volgende berig is verlede week nog deur Sapa-Reuter uit Hanover gestuur**

**Die Britse hoëkommissaris in Duitsland, sir Ivone Kirkpatrick, het 'n Duitse versoek om 'n belangrike hoogoond in die voormalige Herman Goering-staalwerke naby Brunswick nie af te takel nie, geweier.**

**Brigadier John Lingham, die Britse landskommissaris vir Laer Sakse het die Laer Saksiese regering gister meegedeel dat die hoogoond teen die einde van Januarie afgebreek sal word. Die oond is aan Griekeland as oorlogsvergoeding toegesê.**

**Die Duitse owerheid het ander toerusting in die plek daarvan aangebied.**

„DIE O.B." word gedruk deur Pro Ecclesia Drukkery, Stellenbosch, vir die eienaars en uitgewers: VOORSLAG (Edms.) Beperk, Groote Kerkgebou 703, Posbus 1411, Kerkplein, Kaapstad.

DIE O.B., WOENSDAG, 13 DESEMBER 1950

# PASOP!

Daar bestaan 'n gevaar — en Die O.B. ag hom geroepe om onbevange daarop te wys — dat die huidige wêreldomstandighede deur Londen uitgebuit mag word om Suid-Afrika so diep in die Britse Empire te laat opgaan dat republikanisme 'n nekslag daardeur toegedien kan word. Hierdie gevaar het die oor effens gelig toe die Unie se departement van buitelandse sake verlede week ná 'n kabinetsvergadering sy stem oor die Koreaanse moeilikheid laat hoor het. Dit was in die ooglopend dat die Suid-Afrikaanse standpunt nie alleen die toon aangeslaan het van die Britse beleid nie, maar dat daar ook „tevredenheid en waardering" uitgespreek is oor die „besluit van mnr. Attlee om die Koreaanse toestand persoonlik met pres. Truman te bespreek".

**Nou spreek dit vanself dat 'n mens alleen dan tevrede oor die aanwesigheid van 'n persoon by 'n bepaalde samespreking kan wees as jy weet dat hy jou standpunt daar verteenwoordig. Die Unieregering moes dus oortuig daarvan gewees het dat wat die heer Attlee aan Truman sou sê, ooreenstem met sy eie sienswyse.**

Daardie sekerheid kon die Unie verkry het langs die weg van „raadpleging elke dag" wat Londen met „elke lid van die Statebond" het, soos die Britse minister van statebondsbetrekkinge onlangs die werkinge van die Empire verduidelik het. **Daardie „raadpleging" geskied op inisiatief van Brittanje en op grond van gegewens wat deur Londen, as die besturende direkteur, aan die dominiums verstrek word. Trouens, daar kan aangeneem word dat die Britse intelligensiediens vir die grootste deel — indien nie uitsluitlik nie — die gegewens verstrek waarop die Empire sy gesamentlike beleid baseer.** En afgesien van die beginsel wat op die spel is, weet ons dat die Britse intelligensie-diens in die jongste tyd die een skokkende tekortkoming na die ander geopenbaar het naas die feit dat daar deur verantwoordelike Britte self die ernstigste bedenkinge gekoester word teen persone aan die hoof van daardie diens.

## AAN NEUS GELEI

**Suid-Afrika staan dus in gevaar dat hy sy buitelandse beleid gaan bepaal volgens 'n prentjie van wêreldtoestande wat Londen se sosialistiese kwakers gerieflik vind om te skilder, en sodoende word Suid-Afrika aan sy neus gelei om die Empire se belange geblinddoek te bevorder.**

Die openbare verklaring van ons departement van buitelandse sake skep die indruk asof dit op versoek van die Britse regering uitgereik is ten einde die heer Attlee se verskyning in Washington te onderskraag. Die Britse paaibeleid, wat per slot van sake neerkom op 'n prinsipiële verloëning van die V.V.O. se optrede in Korea, moet met soveel steun as moontlik van oral uit die wêreld aangedik word ten einde die Amerikaners tot die Britse sienswyse oor te haal. As dit eerlik Suid-Afrika se standpunt is om hierdie verloëning te aanvaar op grond van die feit dat die Westerse moondhede te swak is om hul man te staan, dan goed en wel — mits sy standpunt berus op sy eie waarnemings. **Maar dan behoort Suid-Afrika ook net so geredelik sy standpunt uit te spreek oor die OORSAAK van die Westerse swakheid. En daarvoor was daar al heeltemal genoeg geleentheid.** Daar is die beleid wat teen Duitsland gevolg is sedert die einde van die oorlog. Een minister, mnr J. G. Strydom, het vanaf die politieke verhoog hierdie beleid veroordeel, en daarvoor verdien hy lof, **maar die regering as sodanig het in die openbaar nog nie die minste aanduiding gegee dat hy die beleid teenoor Duitsland afkeur nie. Dit is hoog tyd dat hy dit doen en wel voordat hy blanko tjeks vir Clement Attlee uitskryf.**

## SABOTERENDE VOOROORDELE

Daar is Spanje, die enigste Europese land wat vry van Kommunisme is, en wat vandag die enigste veilige basis in Europa uitmaak van waaruit Stalin se hordes teengestaan kan word — nou dat Duitsland platgeslaan is — maar wat deur Brittanje soos 'n siek hoender neergepik word. **Wat het ons regering gedoen om Brittanje tot besinning te bring? Het hy Londen oor sy dwaasheid al „geraadpleeg", of is dit net Londen wat die prerogatief het om die dominiums „elke dag te raadpleeg" met versoeke, gegrond op eensydige en halfgebakte vertroulike gegewens?**

**Dit is vrae hierdie waarop die volk 'n antwoord verdien voordat hulle aan Brittanje se manke oorlogswaentjie gekoppel word. As Brittanje toegelaat word om met die gewig van sy nesvol kuikens Amerika te dwing om voor die Sjinese agressors die vlag te stryk, sonder dat hy op sy beurt gedwing word om sy dwase en saboterende vooroordele teen anti-Kommunistiese state kwyt te raak, is Suid-Afrika besig om deur die Empire na sy ondergang gesleep te word en toestande te help skep wat hom sal noodsaak om steeds dieper onder die Britse vlerk in te kruip namate die eilandjie van Westerse veiligheid steeds kleiner spoel.**

# Van Die Os Op Die Esel

## Deur Sybrand

### *Die S.A. Beskermingsbeweging*

'n Leser uit Transvaal het my 'n paar eksemplare gestuur van Boikot-nuus, die amptelike mondstuk, sowel as pamfletleesstof van die Suid-Afrikaanse Beskermingsbeweging. Die S.A.B.B. is 'n beweging wat spontaan in Transvaal — glo veral op die platteland — ontstaan het onder blankes met die uitgesproke doel om 'n ontwaking teen die Indiër-gevaar in ons land op tou te sit.

Ek het die stof noukeurig deurgelees en dit so interessant gevind dat ek vir my lesers ook daarvan wil vertel. Wat ek veral waardeer is die verblydende feit dat die S.A.B.B. iets DOEN in verband met die Indiër-gevaar. Daarvan sal my lesers al dadelik aflei dat die S.A.B.B. hoegenaamd niks te doen het met die partypolitiek nie. In teenstelling met die partypolitiek wat jarelank al praat en stem oor die Indiërgevaar en nog niks daaromtrent gedoen het nie, kondig die Beskermingsbeweging aan dat hy verantwoordelik is vir die oprigting van talle nuwe blankewinkels (waarvan verskeie aparte naturelle-afdelings het); dat bestaande blanke winkels van krag tot krag gaan; en dat in bepaalde dorpe, waarvan die gegewens beskikbaar is, die handelsomset van die Indiërs met duisende ponde gedaal het!

### *Indiese Imperialisme*

Ten einde 'n begrip te kry van die taak wat die Beskermingsbeweging hom stel, wil ek 'n paar van die beweging se positiewe doelstellings aanhaal:

Die eerste lui: „Om die Westerse beskawing in Suid-Afrika teen Oosterse ondermyning en oorheersing te beskerm." Mnr. N. J. Deacon, die sekretaris van die beweging het hierdie doelstelling soos volg verduidelik:

„Die grootste eksterne bedreiging vir die Westerse beskawing kom vandag van 'n Oosterse Imperialisme. Hierdie bedreiging tref Suid-Afrika nie minder as ander Wes-Europese lande nie. Daar is een belangrike verskil tussen ons situasie en dié van ander blanke lande in die wêreld. In daardie lande is die Oosterse moondhede besig om voort te bou aan 'n vyfde kolonne wat uit blankes bestaan, gesonke misdadige blankes, dekadente intellektueles en mense met geestelike afwykings. In Suidelike Afrika bestaan daar 'n vyfde kolonne van Asiate uit Indië wat die Bantoe as instrument gebruik om hul doel te bereik, naamlik om Afrika as kolonisasiegebied vir sy oorbevolking te verower."

'n Ander doelstelling lui: „Om die blanke en die inheemse nieblanke bevolking voor te lig oor die bedreiging wat die Indiërs in Suidelike Afrika oplewer as voorlopers van 'n Indiese beweging om Suidelike Afrika te koloniseer en op sy ekonomiese en politieke lewe 'n houvas te verkry."

### *Bevordering van Blanke Handel*

Die S.A.B.B. glo, in die woorde van sy sekretaris, dat „die Indiërs in medewerking met Kommuniste die leiding van die Bantoerasse probeer verower vir doeleindes strydig met die belange van die blanke sowel as die Bantoe." En dat „hierdie Indiër-kommunistiese groep tans ons mees aktuele probleem is."

Daarom stel die beweging hom voorts ten doel: „Om die blanke handel in Suid-Afrika te bevorder, uit te brei en te versterk en om daarvoor te ywer dat slegs blankes onder die blanke bevolking handel sal drywe.

„Om die naturelle en die kleurlinge te help om self in hulle eie handelsbehoeftes te voorsien."

En laastens, en hoofsaaklik, is dit die Beweging se doel „om te ywer vir die uiteindelike vertrek van alle Indiërs uit Suid-Afrika, na behoorlike vergoeding vir hulle eiendomme."

### *Opsienbarende Feite*

Voordat ek afstap van die S.A.B.B. wil ek 'n paar opsienbarende feite wat die beweging onder die aandag van blankes bring hier oorneem:

In die Oostelike gedeeltes van Afrika, naamlik Uganda, Tanganjika, Niassaland en Kenia is daar reeds ongeveer 98,000 Indiërs teenoor 'n 37,000 blankes en daar is byna geen sprake meer van 'n bevoorregte posisie vir die blanke nie.

Verlede jaar is daar 44 kinders per duisend Indiërvroue gebore teenoor slegs 26 kinders per duisend blanke vroue.

In Durban hou die Indiërs 4,361 handelslisensies teenoor 4,165 vir blankes; en besit hulle 10,740 akkers grond teenoor 15,333 akkers van blankes.

Die beleid van repatriasie is nie onuitvoerbaar nie. 'n Toevoeging van 'n handjievol van 300,000 Indiërs uit Suid-Afrika tot die Indiese bevolking van 400,000,000 kan nie van enige betekenis wees nie.

Een geleentheid wat ons gebied mag word om die Indiërs te repatrieer is kort voor, tydens of na 'n oorlog met Rusland.

### *Die Onontwaaktes*

Uit gegewens wat deur die Beskermingsbeweging verstrek word blyk dit dat sommige Afrikaners glad nie onder die indruk van die Indiër-gevaar verkeer nie. Altans hul optrede regverdig sodanige afleiding.

Dit blyk dat daar in die Suidoos-Transvaal 'n magistraat is wat met sy buitesittings dikwels sy middagmaal by 'n Indiër, in die huis van die Indiër gaan nuttig.

En voorts dat daar in die Transvaal nagmaalgangers van ons kerk is wat by daardie geleentheid by Indiërs tuisgaan.

Boonop word vertel dat die Indiërs ook by verkiesingsgeleenthede 'n rol speel. Op 26 Mei 1948 is daar glo in Transvaal op 'n sekere plek gebruik gemaak van 'n Indiërmotor om stemme vir 'n kandidaat aan te ry. En 'n ander kandidaat het glo weer van 'n Indiërvliegtuig gebruik gemaak.

As hierdie staaltjies waar is dan moet die Suid-Afrikaanse Beskermingsbeweging nog baie voorligtingswerk doen voordat net maar sy ontwakings-taak verrig is. Maar as die blankes eers almal wakkergeskud is, sal die stryd teen die Indiërgevaar ongetwyfeld half-pad gewonne wees.

### *As Transvaal te Warm Word*

Ten slotte wil ek 'n paar vrae stel: Waarom is die Beskermingsbeweging slegs tot Transvaal beperk? Wat van Natal? Is daar dan nie selfs 'n groter behoefte aan die Beskermingsbeweging in Natal as in Transvaal nie? En wat van Kaapland? Ek stel hierdie vrae nie in 'n gees van provinsialisme nie, maar omdat ek opreg besorgd voel. As die wêreld vir die Indiërs in Transvaal te warm word sal hulle nie dalk terug na Natal of na Kaapland vlug nie? Ek wonder of dit nie een van die onsigbare redes is waarom grondaankope deur Indiërs in Kaapland toeneem nie? Dit ly geen twyfel dat die organiseerders van die Beskermingsbeweging hul organisasie op Uniale grondslag sal moet plas nie. (Gelukkige Vrystaat wat nie Indiërs het nie). Waarom doen hulle dit nie?

# Nog 'n Skakel Verbreek

Diep onder die indruk van die grootste veldstilte waarmee die berglandskap van die plaas Uitkyk, distrik Nelspruit, eer betoon het aan die edel hart van sy „Oubaas" wat in die vroeë ure van Maandag, 27 November in die fleur van sy jare onverwags opgehou het om te klop, het 'n groot stoet familielede en vriende die volgende dag die stoflike oorskot van Johannes van der Merwe Nel (Oom Jack) grafwaarts gevolg.

Die ontslapene, wat 'n geseënde verblyf van oor die dertig jaar in die Laeveld gehad het, was 'n vooraanstaande boer, 'n geniale violis en alombekend.

Sy skielike heengaan is vir sy gesin en ons Beweging 'n uiters gevoelige verlies. In die geval van eersgenoemde omdat hy daarin die spil was waarom kerngesonde huislike geluk gedraai het en sover dit die O.B. betref, omdat hy een van daardie seldsame staatmakers was wat, veral in die donker dae, sy plek op sy beskeie manier oral volgestaan het, met onwankelbare vertroue in ons Leier en oortuiging dat die beleid van ons Beweging die enigste is wat doelbewus op die verwesenliking van ons groot ideaal afstuur.

Geen pasliker trooswoord kan sy agtergeblewe dierbares toegevoeg word nie as 1 Kor. 13, omdat dit die ontslapene se geliefkoosde hoofstuk, uitgangspunt en rigsnoer van sy lewe was.

Die feit dat sy kis met blomme instede van grafgrond bestrooi is, beklemtoon die passende einde van die aardse bestaan van 'n mooi lewe en getuig dat sy selflose dade net soos sy siel onsterflik is en altyd by ons sal bly.

Aan die Allerhoogste ons nederige dank dat Hy u aan ons geleen het.

Uit eerbetoon vir wat u vir ons beteken en die voorbeeld wat u aan ons gestel het, lê ons hiermee 'n kransie op die rusplek van u stoflike oorskot, met die wete dat dit slegs totsiens is.

OUBOET.

(Die oorledene was die vader van Elsabe Nel wat tydens die oorlogsjare as 16-jarige skooldogter in die tronk opgesluit is omdat sy geweier het om teen mede-Afrikaners te getuig.—Red.)

**Nuwe vyfpondnote** is verlede week deur die Reserwe Bank in omloop gebring ten einde die verwarring uit te skakel wat veroorsaak word deur die eendersheid van die jongste een- en vyfpondnoot-o n t w e r p e. Die randjie van die vyfpondnoot is wyer terwyl die kleur groener is.

# SWART HANDEWERK VAN BRITTE IN AFRIKA IS TOT GEËN GOED IN STAAT

**Indrukke deur twee reisende joernaliste in Afrika — die een 'n Afrikaner en die ander 'n Londennaar wat onafhanklik van mekaar optree — bied insiggewende leesstof in verband met naturelle-aangeleenthede. Albei kom tot die gevolgtrekking dat dat naturelle wat hul opleiding in Brittanje ondergaan as geharde agitators teen die blankedom terugkeer.**

**Van die geringe aantal naturelle wat na Brittanje gestuur kan word vir studie deur die regering van hul kolonie, deur die British Council, deur die Colonial Development and Welfare Fund of op hul ouers se onkoste, keer die meerderheid van hulle waarskynlik verbitter terug huis toe", skryf Vernon Bartlett, 'n joernalis van Fleet-straat, Londen, wat 'n reis deur Afrika gemaak het in die News Chronicle.**

**„Hulle is verwelkom deur die Kommuniste en afgejak deur ander — soms deur dieselfde persone wat die blankes in Afrika die kwaaiste beskuldig van kleurvooroordeel.**

**„'n Mens voel dat dit verstandiger sou wees as die naturelle onder hul eie volk en op hul eie grond studeer."**

Bartlett verwys dan na die onpraktiese boekekennis wat in die skole van die naturelle-gebiede opgedis word „waar hulle net genoeg leer om die belangrikste plig te verag — die invoer van boerderymetodes wat die bedreiging van hongersnood sal verminder.

„Sommige van hierdie half-gebakte en half-opgevoede jongmans ontwikkel inderdaad in hul ergste eie vyande." Hier verwys Bartlett na naturelle-politieke leiers wat 'n veldtog teen die regering se grondbewaringskema op tou gesit het. „Een van die jongste argumente wat ek gehoor het, is dat die regering hierdie stappe (grondbewaringsmaatreëls doen slegs omdat die Britse Vloot beswaar maak teen die groot kol rooi grond wat van elke riviermond in die see in uitstrek."

### SWART DEMAGOOG

„En die naturelleboer is nog so liggelowig en ongebalanseerd, so agterdogtig teenoor die blanke dat hy liewer na sulke onsin wat deur 'n swart demagoog van die stad verkondig word, luister as om die klaarblyklik geslaagde voorbeeld van goeie boerdery te volg.

„By Makerere en Kabete, in kolleges en skole, in die kantore van die distrikskommissarisse en landboukundige adviseurs word daar hard, eintlik desperaat, gewerk om die naturel te help om die kloof van twintig eeue wat hom van die Westerse beskawing skei, te oorbrug.

**„Nog nooit tevore is so 'n mate van aanpassing van 'n volk vereis nie. En die naturelledemagoog in sy slordige klein kantoortjie in Nairobi en Mombasa, die onnosele en selfsugtige Britse inwoners en die teoritici in Brittanje sal min of meer gelyke verantwoordelikheid moet dra indien hierdie pogings uitloop op ellende en bloedvergieting."**

### GOUDKUS

In 'n artikel oor die Goudkus skryf mnr. Willem van Heerden van Dagbreek dat die klompie geleerde negers in die gebied nog geen aandeel neem in die land se ekonomiese lewe nie, **maar op politieke gebied is hulle ontsettend bedrywig, dit wil sê die paar duisend wat oorsee studeer het.** Hulle gee „koerante" uit wat suiwer skeldblaadjies is, waarmee hulle uitgawe na uitgawe die inlanders teen die Engelse administrasie oprui en waarin haat teen die blanke sommer openlik aangewakker word. Hulle hou vergaderings waarop hulle aan die verbaasde inlanders vertel dat „elke ‚African' dieselfde loon behoort te ontvang as 'n Amerikaanse vakman" en waarop hulle die massa aanraai: „raak ontslae van die blankes, en julle sal net so ryk wees."

Hul leier, Nkrumah, word byna tot 'n god verhef, maar verkeer op die oomblik in die tronk weens sedisie.

### SELFBESTUUR

**„Nogtans gaan die Arbeider-regering, onder druk van teoretici uit Amerika, van die Fabian Society en van sentimentaliste uit hulle eie geledere, sowel as onder druk van hierdie Negerpolitici aanstaande jaar daartoe oor om aan hierdie gebied feitlike selfregering te gee. 'n Bevolking wat vir 95 persent nie die minste benul het waaroor dit gaan nie en hulle laat oprui met dinge soos dié hierbo, word verwag om in 1951 algemene verkiesing te hou, met stemreg aan alle volwassenes, ongeag geslag, opvoeding of selfs die vermoë om te lees en skryf.** Nkrumah sal teen daardie tyd waarskynlik uit die tronk wees, en in die omstandighede bestaan daar min twyfel dat hy en sy groep met hulle wilde beloftes die verkiesing sal wen. In daardie geval sal Engelse koloniale amptenare die nuwigheid ondervind om as departementshoofde, administratiewe en tegniese beamptes te werk onder Neger-ministers wat hulle „in die tronk laat gradueer" het weens sedisie.

**En miskien is hierdie fantastiese „demokrasie" wat in die Goudkus staan gebore te word, een van die beste dinge wat kon gebeur. Dit mag die uitwerking hê om sowel Europa as Amerika te laat sien wat daarvan kom om op die oomblik met Westerse politieke vorms in Afrika te kom speel.**

# VRIENDSKAP WAT VYANDSKAP WEK

**Van tyd tot tyd lug nie-blankes hul ontevredenheid in die pers oor die eensydige toepassing van apartheid op die treine. By die instelling van aparte treinwaens vir blankes in die Skiereiland is daar net voorsiening gemaak vir gereserveerde eersteklaswaens vir blankes, met die gevolg dat die ander waens gemengd bly. DIE O.B het intertyd teen hierdie beleid gewaarsku en beklemtoon dat die eensydige toepassing van 'n apartheidsbeleid net kwaai gevoel onder nie-blankes verwek en sodoende niks bydra tot 'n blywende oplossing van die kleurmoeilikhede nie.**

In antwoord op 'n brief van 'n nie-blanke passasier wat kla dat blankes hulle plekke kom vat in die gemengde waens, skryf 'n leser as volg in die Argus:

„Dit mag vir u korrespondent ‚Coloured Traveller' van belang wees om te weet dat hoewel daar sommige blankes is wat die gemengde waens op die voorstedelike treine gebruik omdat dié vir „Blankes Alleen" vol is, **is daar baie ander wat dit gebruik omdat hulle nie die apartheidsbeleid van die huidige regering goedkeur nie.**

„Dit is jammer dat hul gebaar misverstaan word, maar ek is heeltemal bereid om toe te gee dat dit vatbaar is vir die vertolking wat u korrespondent gee."

'n Geval hier waar mense beskerm moet word teen hul vriende! **Maar dit is hierdie „vriende" van nie-blankes wat deur hul toedoen vyandskap tussen blank en nie-blank verwek, en daarom is dit noodsaaklik dat die regering segregasie na albei kante toepas soos dit in sommige Amerikaanse state gedoen word waar 'n blanke net so skuldig is as hy by nie-blankes inkruip as andersom.**


Vir geurige verfrissing en vroulike verfyndheid



KWV

-Eau de Cologne en -Laventel



PRODUKTE VAN SUID-AFRIKA

K96


# Sal Empire S.A. Dwing Om Indië Se Hand Te Vat?

**Die waarskynlikheid dat op Suid-Afrika deur die Empire-eenheidskomitee wat vroeg in Januarie in Londen byeenkom, druk uitgeoefen sal word om sy geskil met Indië op te los, word deur die Cape Argus in 'n hoofartiekl uitgespreek.**

**Nadat die blad sy spyt uitgedruk het oor die onvermydelike afwesigheid van die Eerste Minister op die konferensie, verklaar hy:**

„Daar is geen vasgestelde agenda vir die konferensie nie, maar dit skyn of die wêreldtoestand die belangrikste punt van bespreking sal wees. Dit is nouliks nodig om te praat oor die moontlikheid van oorlog, aangesien dit klaarblyklik is, en bewapening sowel as landsverdediging reeds deur min. Erasmus met verantwoordelike persone oorsee bespreek is. Wat meer gewens is, is om te weet in hoever Statebondseenheid as 'n faktor gereken kan word in bewegings om oorlog te voorkom. Wanneer die Statebondslande met hul bronne van bevolking, nywerheid en produksievermoë as 'n eenheid optree, kry die Statebond die gestalte van 'n groot moondheid en kan hy 'n dienooreenkomstige invloed op wêreldsake uitoefen, terwyl die wet van sy eie aard hom dwing om daardie invloed ten behoewe van vrede uit te oefen.

### INDIË

„Die bedreiging van die vrede kom vandag grootliks van Asië, en om daardie rede kyk die Westerse wêreld na Indiese mag om dit te beteuel. **Gevolglik is die vriendskap van Indië vir die Statebond lewensbelangrik, en inderdaad vir die Weste as geheel. Dit is noodsaaklik in vredestyd en onmisbaar in oorlogstyd. Daaruit vloei voort dat hoewel Suid-Afrika se bereidwilligheid om tot die verdediging van Afrika by te dra, waardeer word, die Weste nie die hulp van die Unie sal koop ten koste van Indië se vriendskap nie.**

**„Wat vernaamlik vandag begeer word, is 'n einde van die geskil tussen Suid-Afrika en Indië en die herstel van die eenheid van die Statebond waardeur die doeltreffendste bydrae tot wêreldvrede en gevolglik ons eie verdediging gemaak kan word."**




Waar u ook mag wees

Kommando

—die gewildste Suid-Afrikaanse sigaret




G1-3054-AF

**TARIEF VIR GEKLASSIFISEERDE ADVERTENSIES:**
**Huishoudelike Kennisgewings:**
(Verlowing, huwelik, geboorte, sterfgeval, in memoriam, gelukwensing, ens.) 1d. per woord; minimum 2/6 per plasing. Vooruitbetaalbaar. Vir herhalings 25 pst. afslag.
**Handelsadvertensies:**
Eerste plasing, 2d. per woord. Vir herhalings 25 pst. afslag.
**Intekengeld op „Die O.B.” (verskyn weekliks): 12/6 per jaar of 6/3 per 6 maande.** Vooruitbetaalbaar. Stuur advertensiegeld, bestellings, en intekengeld **na VOORSLAG (EDMS.) BPK., Posbus 1411, Kaapstad.**

## HUWELIKE

**JANSEN—SMITH: Johannes Jansen,** Wag-'n-Bietjie, Strydenburg, en **Johanna Smith,** Palierstraat, Jacobsdal, maak aan familie en vriende bekend dat ons trou te Jacobsdal in die N.G. Kerk, D.V. op 16 Desember 1950, om 5-uur nm. Geen resepsie. Gelukwensings by die huis van die bruid.
13/12/1

## BETREKKINGS VAKANT

AMBAGSMANNE ONMIDDELLIK BENODIG in die volgende grade vir gereelde diens op die Suid-Afrikaanse Spoorweë:
DRAAIER EN MASJINIS.
ELEKTRISIEN.
GROFSMID
KETELMAKER.
MEGANIKUS.
MEULMAKER
MODELMAKER.
ONDERSTELMAKER.
PASSER.
SINJAALPASSER.
Standaard loonskale en aantreklike diensvoordele.—Doen aansoek by die PLAASLIKE AFDELINGSBESTUURDER, S.A.S.
13/12/2

## TE KOOP

Tien gekruisde Duitse merino rammetjies van geregistreerde vaders. Bel 6811, Wellington. Telegrafeer Du Toit, Malanstasie.
4/10/19B

Voortrekkerkispak (No. 4) geskik vir feesgeleenthede. Pas persoon van 5 voet 9 dm., £10 of redelike aanbod. **Skryf aan — „Werkloos”, Posbus 1411, Kaapstad.**
T.K.

## GRYSHARE

**GRYSHARE** herstel, skilfers verwyder, haregroei bevorder, jongvoorkoms verseker, dit waarborg **GRYSHAARWONDER,** die jongste kunsmatige wêreldwonder haar- en kopvel voedingsmiddel u, skadeloos, kleurstofvry, 5/- per bottel geld met bestelling. **Boeregeneesmiddels, Posbus 4272, Johannesburg.**
C/1/9/49

**Gryshare en baard** binne een maand tot natuurlike kleur herstel of geld terug, vry van kleurstof. Bevorder haregroei, verwyder skilfers. 5/6 per bottel, posvry. Kontant met bestelling. **Die Boerevrou, Posbus 7559, Johannesburg.**
G14/6/50

## MEDISYNE

Verwyder die wortel van u kwaal of siekte en herstel u regmatige erfenis GESONDHEID, ons beskik oor die middels en behandel alle siektes, skryf, inligting gratis.—**Boeregeneesmiddels, Posbus 4272, Johannesburg.**
A/1/9/49

**Siektes en kwale verban!** Operasies vermy en gesondheid herstel. Waarom dan sal u langer ly? Skryf, meld besonderhede, raadpleeg **Die Boerevrou,** Bus 7559, Johannesburg.
(Nr. 2) 1/9/49

## MARKAGENTE

Kamerade julle vriendelike aandag asseblief! Weet julle dat op Uitenhage se môremark ook velle verkoop word en dat dit baie bevredigende pryse behaal. Bees, bok en skaap, en wat van mooi vrugte. Wil julle nie waag om vir my proefbesendings te stuur nie. Die aanvraag is hier. Geseënde Kersfees en 'n baie voorspoedige Nuwejaar. **U. S. Bellingan, Uitenhage.**
13/12/1

## VAN'S CONCRETE PRODUCTS (EDMS.) BEPERK

**Direkteure:**
P. W. J. van Heerden.
P. G. van Heerden.
Potgieterstraat 258,
h/v Pretoriusstraat,
PRETORIA.

TEELS (vloer en muur — verskillende tipe), KOMBUISOPWASBAKKE, (vleklose staal en Terrazzo), SEPTIESE EENHEDE — W.C. STELLE, BADDENS EN HANDEWASBAKKE, VERF- EN STAALVENSTERS, LOODGIETERS BENODIGDHEDE, ENS.
8/11/TK

## MEUBELS

**MEUBELS.—** Beter meubels teen billiker pryse Babawaentjies, stootkarretjies, driewiele, linoleums, tapyte, ens., ook altyd in voorraad. Geen Katalogus. Meld waarin u belangstel. **—VISSER-MEUBELS, Langstraat 179,** Kaapstad.
3/12/11

## RADIO

**LOUW EN LOUW,** die Beroemde Radio-ingenieurs, Stasieweg, PAROW, verkoop en herstel Radio's en Elektriese Toestelle. Geregistreerde Elektrisiteitsaannemers. Foon 9-8435

(Vervolg van kolom 5)

se lyk gevind en Fransina eers die volgende middag.

Mev. Kriel was lid van die O.B. van sy ontstaan af en het gedien eers as assistent-veldkornette en later as adjudante. Vir die kommandante en as korrespondente in haar kommando. Sy was baie ywerig en het ontsaglik baie gedoen vir die O.B. Saam was hul hele huisgesin vasberade in hul optrede. Nie een van hulle kon swem nie en het twee van hulle dus 'n heldedood gesterf. Ons staan op aandag en bring hulde. Ons diepste meegevoel met mnr. Kriel (veldkt.), sy dogter en familie. —(E. A. Nel, vir Kom. A17a3.)

## Was U Ook By Die Ossewaens?

- **Het u ook gevoel hoe dit smaak wanneer Afrikaners saam verkeer as VOLKSGENOTE in plaas van PARTY-GENOTE?**
- **Het u ook gesien tot watter hoogtes ons volk in staat is wanneer hy die verlammende en verstikkende partypolitiek opsy skuif?**
- **Het u ook die bloed in u are voel bruis by die besef dat u besig is met iets wat aan u vaders behoort het?**
- **Wil u graag hierdie toestand laat terugkeer en dit vir die toekoms bestendig?**
- **Dan moet u ywer vir die herstel van die Afrikaner se EIE STAATSTELSEL op die grondslae deur ons vaders gelê.**
- **Daarmee kan u help deur nog 'n leser van DIE O.B. te wen.**
- **As elke leser nog een nuwe hierdie week bybring, is u krag aanstaande week verdubbel!**

### Intekenvorm

*Neem asseblief my naam op as intekenaar op „Die O.B.” tot ek u in kennis stel om toesending te staak.*

*Hierby ingesluit vind u die bedrag van..........................*

*..............................vir die eerste..........................maande.*

*NAAM*..............................................
(Naam en Adres in Blokletters)

*POSADRES*..........................................
..............................................
..............................................
..............................................

..............................................
*Handtekening.*

Intekengeld: 12/6 per jaar of 6/3 per halfjaar.
**Voeg asseblief Kommissie by plattelandse tjeks.**

# Buitelanders Te Vinde Vir Volledige Segregasie

**Die stelling wat meermaal in ons blad gemaak is, naamlik dat die buiteland Suid-Afrika se kleurbeleid sal begryp wanneer ons 'n eerlike poging aanwend om algehele segregasie toe te pas, word bevestig deur 'n predikant van die N.G. Kerk, dr. Ben Marais, in een van 'n reeks artikels oor sy ondervindinge in Amerika in Die Vaderland. Hy skryf:**

'n Week of wat gelede het ek die sittings van die Verenigde Volke bygewoon. En net om aan te dui hoe geïsoleerd Suid-Afrika staan, gee ek die volgende voorbeeld:

In die Politieke Komitee oor menslike regte het Suid-Afrika en Jemen in die minderheid gestem — net hulle twee. Die volgende dag het die verteenwoordiger van Jemen in die Algemene Vergadering opgestaan en die volgende verklaring gedoen: „Ons het teen die menseregtebepaling in die komitee gestem. Ek gee nou net kennis dat ons ons beswaar hiermee terugtrek. Ons hou nie van ons geselskap nie — die Unie van Suid-Afrika!” En so staan ons vingeralleen.

Dit is die soort wêreld waarin ons leef en in een van die moeilikste situasies van die wêreldgeskiedenis 'n nageslag moet bou en rigting moet gee aan nege miljoen onderhoriges. Laat versigtigheid, geduld en wysheid ons leuse wees. Elke stap wat spanning onnodig vermeerder en menslike verhoudings vertroebel, is 'n wapen in die hand van ons vyand, veral dié in Asië, en 'n spyker in ons eie doodkis.

### GEEN BESWAAR

**Ons kan vandag blanke Suid-Afrika in 'n groot mate saamsnoer deur 'n bloot selfsugtige beleïd van „red jou eie vel,” maar ná tien en twintig jaar moet ons nageslag die wrange vrugte daarvan gewis pluk. Laat ons hulle dit bespaar. Die weg van wysheid, van christelike liefde en dat die sterke die swakke moet help, en nie net oor sy eie belange moet dink nie, sal al meer vir ons in Suid-Afrika blyk die weg tot die lewe te wees en tot uiteindelike selfbehoud. Of glo ons nie meer werklik in die Evangelie van Christus nie?**

Een feit het my keer op keer getref: 'n Baie groot persentasie Amerikaners, as ek hulle die standpunt van absolute territoriale skeiding, soos deur die Afrikaanse Kerke op Bloemfontein uiteengesit, verduidelik, het dadelik toegegee dat hulle nie beswaar teen so 'n skema kan inbring nie. Hulle voeg egter dit daarby: **Mits dit werklik 'n grootskeepse beleid van territoriale skeiding sal wees en nie net woonbuurtskeiding binne blanke gebiede soos tans veelal die geval is nie.**

Tweedens verklaar hulle dat in so 'n skema veel groter grondgebied uiteindelik aan die nie-blankes toegesê word as wat tans die geval is met die reserwes. En derdens, dat voordat negatiewe stappe gedoen word om bestaande politieke regte, ens., weg te neem, die nie-blanke self eers oortuig en gerusgestel moet word deur die daarstelling van die positiewe stappe en skemas waarin hy beloof is dat hy uiteindelik sal deel, of dat daar minstens vir hom spesifiek aangedui sal word hoe en waar dit gedoen gaan en kan word.

**Teen drie dinge word veral beswaar gemaak: Die wegneem van regte op die veronderstelling van uiteindelike beter aparte regte en 'n eie onafhanklike volksbestaan in hul eie gebied, onderwyl daar niks gedoen word aan die positiewe uitvoering van daardie stappe nie; die sluiting van geleenthede vir mense wat binne dieselfde gebied woon, bloot op kleurverskil; die betaal van verskillende lone vir mense wat presies dieselfde werk doen op grond van kleurverskil.**

### DIE TAAK

**Verbasend baie mense is te vind vir die gedagte van 'n eie bestaan en aparte ontwikkelings en bestaansmoontlikhede vir die nie-blanke. As dit ons bedoeling met die nie-blanke is, kan ons met die nodige kontak en geduld sekerlik die goedkeuring of minstens die begrype van die wêreld daarvoor verkry. Baie wat kritiek daarteen voel, meen dat dit „fantasties” en „heeltemal onuitvoerbaar” is, hoewel teoreties verdedigbaar.**

Dit sal ons taak wees om aan te dui hoe dit werklikheid kan word. Blyk dit dat dit net 'n mooi droom is, moet ons dit so gou as moontlik vergeet en aan 'n alternatief dink, wat wel in die praktyk uitvoerbaar is.

Hier lê ons taak en ons roeping as Kerk en as volk.

# Drie Lede Van Gesin Verdrink In Rivier

Op 27 November het die Upingtonse kommando's 'n sware skok beleef toe mev. Johanna Kriel (37 jaar), haar dogter Fransina (17) en Gerhardus (Boetie) Kriel (13) op Sondagmiddag aldrie in die Oranjerivier, te Wilgenhoutsdrif, verdrink het en Carolina Kriel, hul oudste dogter, op wonderbaarlike wyse die dood ontkom het.

Al wat van die hele huisgesin oorgebly het, is laasgenoemde en die vader, mnr. Alex Kriel. Die huisgesin het die Sondag die Nagmaal en die middagdiens bygewoon. Na die kerk het hulle saam met mev. Lenie Rossouw na die rivier gegaan om te swem. Die water was vlak, maar in die onderkant was 'n gat van omtrent 9 vt. diep. Fransina het daarin te lande gekom; haar moeder het haar te hulp gesnel tesame met mev. Rossouw, maar laasgenoemde moes weer vrugteloos kant toe swem. Toe het Boetie Kriel gekom en die dieptes ingespring in 'n poging om sy moeder te help. Mev. Rossouw het om hulp gaan roep. Almal het verdrink maar Coralina het vir omtrent 50 tree geworstel met die dood. Sy het onder die water grond gekry en kant toe gespartel. In 'n half-bewustelose toestand het hulle haar half uit die water op die kant gevind. Die moeder is deur mnr. Van der Westhuizen per skuit uit die water gehaal. Nadat sy omtrent 400 tree gedryf het. Kunsmatige asemhaling is toegepas maar tevergeefs.

Om 10-uur die nag is Boetie

(Vervolg in kolom 2)

Somertabberds
In Hul
Heldere
Patrone
*BY*
Steyns
**DIE MODEWINKEL**
*Parow*

### KERS- EN NUWEJAARSWENSE

Wens u vriende en familielede met Kersfees en Nuwejaar geluk in Die O.B.

2/6 vir 36 woorde (spesiale tarief), en 1d. per ekstra woord. Geld moet saamgestuur word.

WENSE moet Posbus 1411, Kaapstad, bereik voor 15 Desember.

• WAARDE
• KWALITEIT
• VERSKEIDENHEID

DAMES-, MANS- en KINDER-UITRUSTERS SNYERS

**UNIEWINKELS**
**Beperk**
**KERKSTRAAT 275 — PRETORIA**
**TAKKE: Johannesburg, Benoni, Vereeniging, Kaapstad.**

# GRYSE GENERAAL SE LYDENSWEG: SEDERT 1945 AANGEHOU

(ONS DUITSE KORRESPONDENT)

**Op 26 September het die hooggeregshof in Brussel die verhoor teen die vormalige hoof van die Duitse militêre bestuur in België en Noord-Frankryk voortgesit nadat dit vir drie maande sedert Mei onderbreek was. Genl. Alexander von Falkenhausen is as „oorlogsmisdadiger" aangekla en wel weens die teregstelling van gyselaars, die deportasie van Jode en die deportasie van Belgiese burgers vir gedwonge arbeid in Duitsland. Die generaal het op hierdie aanklagte skuld ontken, hoewel hy verantwoordelikheid aanvaar vir alle maatreëls wat deur hom of sy ondergeskiktes getref is.**

**In die afgelope drie maande het die Belgiese hof hom besig gehou met die getuienis van die onafsienbare getal getuies. Die groot belangstelling van die publiek en pers en die stapels briewe wat die hof bereik en die groot getalle vooraanstaande getuies gee 'n begrip van wat die verhoor van die 72-jarige generaal beteken wat op alle vrae beheerst en korrek antwoord. Maar die beste aanvulling van wat in die verhoor behandel word, is die dagboek van die generaal wat hy in die jare van sy gevangeneskap geskryf het en wat die eintlike gewig van die verhoor openbaar.**

Op 14 Julie 1944 — nadat Von Falkenhausen vier jaar lank sy taak as hoof van die militêre bestuur in België uitgevoer het — is hy op bevel van Hitler van sy amp onthef omdat hy te vriendelik teenoor die Belge sou gewees het en nie die „riglyne" wat deur Berlyn uitgestuur is, na wens uitgevoer het nie. Kort daarna is hy deur die Gestapo gevange geneem en na die konsentrasiekamp Dachau gestuur.

„Op 5 Mei 1945" — so skryf die generaal in sy dagboek — „is ons (die gevangenes van Dachau) deur die Geallieerdes oorgeneem en per vliegtuig na Napels gebring. **Die Amerikaanse offisier, kolonel Ellis, het alles van my afgevat wat die S.S. my gelaat het: goue polshorlosie, handskoene, sakdoek, papiere, ens. Die sterre van die Italiaanse hemel het deur die stukkende dak geglinster. Ook my koffers is leeg geplunder. Alles lyk na 'n nuwe lydensweg. Die weldade van die volkereg geld nie vir die verloorder nie.**

### DEUR GEPEUPEL BEDREIG

„Verder met die vliegtuig na Parys. Op die Montmartre het die menigte ons bedreig en ek moes my teen 'n man verdedig wat my met 'n besem te lyf wou gaan."

16 Junie 1945 in Frankfort (Duitsland).

5 Julie per vliegtuig na Engeland.

23 Augustus: „Ek word weer aan die Amerikaners uitgelewer. Vuil sel. Ek word nie toegelaat om my te was nie.

Verhoor deur 'n Belg: Dit is duidelik dat hy materiaal wil insamel teen die Belgiese koning. Hy is ontevrede omdat ek vir al sy beskuldigings maklike teenbewyse het.

24 September: „Gevangenis in Neurenberg. My kraag, das, skoenveters, is weggeneem. Ek ly aan 'n skeur in die dermvlies. Owerste Andrus (Amerikaner) verklaar dat ek hier as getuie moet verskyn, maar aangesien daar in die getuie-gebou geen plek meer is nie, het hy my in die gebou vir aangeklaagdes laat bring — en my dus as sodanig laat behandel.

### SY VROU GESKIET

**„Ek het so pas berig van my vrou ontvang. Sy is op 10 Mei deur 'n Amerikaanse soldaat geskiet, en het maandelank in 'n hospitaal gelê en het nooit weer beter geword nie. Sy besit niks meer om van te lewe nie.**

22 Maart: „Terug in Dachau.

26 April: „Vervoer in 'n roofdier hok — wat van buite soos 'n rooikrujswa geverf is — na Neurenberg saam met genl. Von Brauchitsch en Kesselring. **Brauchitsch is reeds lankal siek en het beswyk toe hy sy bagasie in sy sel wou sleep.**

17 Julie: „Allendorf by Marburg (Duitsland). Ons is (deur die Amerikaners) beveel om oorlogsgeskiedenis te boek te stel. Ek het niks gehad om te skryf nie aangesien ek geen oorlog gevoer het nie. **Hulle het my tot oorlogsmisdadiger verklaar. Die na Engeland uitgeweke Belgiese ministerie het my reeds in 1940 by voorbaat al op die lys geplaas.**

### BEHAE IN SMART

„Op 24 Februarie gevange geneem deur 'n Belgiese kolonel wat my na België geneem het. Gevangenis van St. Gillis. Op 21 Mei in die vesting van Luttich. Op 17 November 1948 terug na St. Gillis. **By die verhore het dit my opgeval dat hulle geen materiaal teen my het nie.**

„Ek is al moeg van al die heen en weer gejaag", skryf die toe 70-jarige generaal in sy dagboek. **„Ek wil nie meer daaroor praat nie, dat ek aan die sterfbed van my vrou swaar bewaak en geboei vervoer is. Dat my nie eens toegestaan is om die Sakrament saam met haar te ontvang, op haar dood te wag en 'n handvol grond op haar doodkis te werp nie. Hulle het uit my leed 'n sensasie, uit die laaste reis van my lewens- en lydensgenote 'n openbare skouspel gemaak — net soos 'n teregstelling. Ek het genoeg."**

### GOEIE GETUIENIS

Maar die teenstanders van die gryse generaal het nog nie genoeg nie. Die verhoor in Brussel gee daar blyke genoeg van, al gaan daar ontsaglik veel stemme van gewigtige getuies op wat Von Falkenhausen se onskuld verseker — wat van sy ridderlikheid, sy korrekte en menslike houding gedurende sy ampstermyn in België kan getuig. So het die Belgiese generaal Goethals verklaar dat Von Falkenhausen hom en ander Belgiese offisiere se lewens gered het deur hulle in 'n krygsgevangenekamp te laat bring het voordat die Gestapo hulle kon kry. Die Belg Lantsheer, wat tydens die besetting advokaat by die „Raad van Cassatie" in Brussel was, het getuig dat 30 persent van die wat as gyselaars aangemerk was, deur Von Falkenhausen terugverwys is. Die leier van die Belgiese Rooi Kruis het bevestig dat wanneer Von Falkenhausen op bevel van Hitler tot die doodskiet van gyselaars moes oorgaan, die generaal slegs sy toestemming tot die doodskiet van mense gegee het wat reeds weens 'n strafbare oortreding ter dood veroordeel was. En die voormalige Belgiese minister van justisie verseker dat Von Falkenhausen die Belge meer as een keer van erger dinge bewaar het en dat België alles te verlore sou gehad het indien hy uit sy amp onthef sou gewees het. Uit België is ook berig dat 'n hooggeplaaste persoon verlede jaar geweier het om 'n ereorde te ontvang solank Von Falkenhausen agter die tralies sit — „'n man wat meer vir België gedoen het as ek self."

### BRON VAN VERVOLGING

In die afgelope maande van verhoor het die swaartepunt gerus op die doodskiet van gyselaars, waarby die Belgiese regters in hoofsaak steun op die Belgiese reg wat die doodskiet van gyselaars as moord beskou. Falkenhausen pleit daarop dat hy onder regstreekse bevel gestaan het en meer as eenmaal op gevaar van sy eie lewe beswaar gemaak het teen bevele.

Aan die ander kant was die generaal verantwoordelik vir die lewe van sy soldate. „Sedert die besetting word die Belge deur hul vlugteling-regering tot oproer opgesweep", skryf hy. **Veral het die bedrywigheid van die ondergrondse versetplegers toegeneem nadat Duitsland teen Rusland begin oorlogvoer het.**

Dit is opmerklik dat die getal persone wat vergoeding eis op grond van doodgeskiete gyselaars intussen gestyg het na 16 en dat die voormalige leier van die Kommunistiese Party, Forteyne, as advokaat vir hulle opgetree het. Ongetwyfeld moet een van Falkenhausen se taktiese teenstanders hier gesoek word — die ander kom uit 'n heeltemal ander kamp: uit die binnelandse verwarring en die magspolitieke stryd in België self, wat reeds begin het toe 'n gedeelte van die Belgiese regering na Londen gevlug en koning Leopold verklaar het dat hy die lot van sy volk in België wil deel.

Die begin van hierdie uiteensettinge val in die tyd toe genl. Von Falkenhausen in die oggendskemering Brussel in sy motor genader het om sy amp te aanvaar in Mei 1940. Vlak voor Brussel, toe die toppe van die gebou van justisie net herkenbaar was, het Von Falkenhausen sy bestuurder laat stilhou en met sy vinger gerig op die torings van die gebou, aan sy staflede gesê: „Neem daardie beeld as 'n simbool en plaas reg en menslikheid bo alles."

Dit was dieselfde gebou van justisie waarin die generaal nou tien jaar later aangekla staan.

Die uitslag van die verhoor sal wel toon of reg en menslikheid bo alles gestel sal word.


## NET 'N PAAR ITEMS

**om u in staat te stel om ons pryse te vergelyk**

| | |
|---|---|
| Boston Potlood-skerpmakers | @ 15/- elk |
| Mercury Draadheg-masjiene | @ 29/6 elk |
| Dubbele Glas-Inkpotte | @ 6/9 elk |
| Afrolpapier, 13 dm. x 8 dm. | @ 7/- per Riem |
| Tikpapier, 13 dm. x 8 dm. | @ 7/8 per Riem |
| Tikpapier, 10 dm. x 8 dm. | @ 5/7 per Riem |

Losblad Grootboeke — alle groottes in voorraad, pryse vanaf £3/5/-

*Alle Kantoorbenodigdhede voorradig — Dit sal u betaal om u volgende bestelling by ons te plaas.*

**SOLMS VAN NIEKERK (EDMS.) BPK.**

Groote Kerkgebou 322, KAAPSTAD - Telefoon 2-7071



BOERE U KRY

MAKSIMUM PRODUKSIE EN GROTER BESPARING

DEUR DIE GEBRUIK VAN




VEREENIGING CONSOLIDATED MILLS BPK.
MAITLAND K.P.
TAKKANTOOR
WELLINGTON FOON 414






Om te vertrek en te weet dat alles van die eerste tot die laaste vir u gereël en agtermekaar is—dit is inderwaarheid 'n genot wanneer 'n mens op reis gaan. En dit is nou presies waarvoor die S.A.S.-toeristeburo bestaan.

Kaartjies, plekbesprekings vir land-, see- of lugreise, hotelakkommodasie, maaltye en beddegoed onderweg—dit word alles vir u gereël as u dit aan die Buro oorlaat. Indien u per Springbokdiens reis en u deur middel van die Toeristeburo u plek bespreek, dan sal u hotelakkommodasie in die Verenigde Koninkryk vir u gereël word.

Een kantoor om te besoek, een betaling om te maak en u is gereed vir 'n aangename reis.

*Spreek u naaste Toeristeburo of Stasiemeester*

S·A·S TOERISTEBURO

# 700 Duitse Soldate Wag Nog Op Verhoor Terwyl Sowjet Dreig

**Hoe ver agter die tyd die Wes-Europese moondhede in die huidige gevaarvolle wêreldomstandighede lewe, blyk uit die feit dat terwyl Rusland etlike Nazi-generaals gebruik om 'n Oos-Duitse leër op die been te hou, die Westerse oorwinnaars nog steeds — vyf jaar na die oorlog — besig is met verhore van Duitse offisiere as „oorlogsmisdadigers". Teen hierdie uitgerekte haatkoeling begin die Wes-Duitse openbare mening tans in opstand kom.**

„Dit is uiters betreurenswaardig dat oorlogsmisdaadverhore nog steeds in Frankryk en België aan die gang is," het die Duitse minister van justisie, dr. Thomas Dehler, verlede week gesê.

Die blad „Der Mittag" verklaar: Die tyd vir politieke verhore is verby. Ons staan op 'n keerpunt in Westerse beleid wat op die duur sal beteken die opbouing van die Westerse stelsel met Duitsland as 'n bondgenoot."

**Volgens berekening word nog meer as 700 Duitsers deur die Westerse Geallieerdes aangehou vir verhoor op grond van beweerde oorlogsmisdade. Dat mense vyf jaar lank moes wag vir die insameling van getuienis teen hulle is 'n klad op diegene wat wil voorgee dat hulle die Duitsers in die demokrasie wil opvoed. Baie van hierdie aangehoudes het self geen oortredings hoegenaamd begaan nie, en hul aanhouding geskied bloot op grond van die feit dat hulle aan die een of ander leëreenheid behoort het wat dan die een of ander misdryf in die oë van die Weste begaan het — die sogenaamde beginsel van gesamentlike verantwoordelikheid wat ook by ons inboorlingstamme in die verlede gegeld het.**

### EIS HERSTEL VAN EER

Die standpunt van die Duitse soldate oor die algemeen is dat hulle nie die wapen vir die Weste sal opneem solank hul eer deur die modder gesleep word met „oorlogsmisdaad-verhore" nie. 'n Tydjie gelede het die offisiere wat georganiseer is in die Bruderschaft 'n verklaring uitgereik waarin hulle aankondig dat hulle sal weier om die wapen namens die Westerse moondhede op te neem tensy hulle in ere en in hulle eer herstel word.

Vyf jaar lank, verklaar die offisiere is hulle agtervolg en beswadder.

Die meeste lede van die Bruderschaft is voormalige Duitse stafoffisiere, wat nog steeds 'n „beplanningspersoneel" daarop nahou en planne opstel vir 'n Duitse leër of 'n Duitse kontingent in die Wes-Europese verdedigingstelsel.

Baie van hulle is deskundiges in tenkoorlogvoering en goed vertroud met die Russe se oorlogstaktiek.

'n Soortgelyke standpunt word ingeneem in briefwisseling met leiers van die „noodvereniging van voormalige Weermag-lede," 'n organisasie wat die beskerming beoog van die finansiële en wetlike regte van voormalige beroepsoldate.

**„Geen beroepsoldaat sal die wapen aanraak tensy ons eer smetloos gestel word nie," lui dit. „Jare lank al word ons goeie naam beswadder. Maar nou word van ons verwag om ons weer skielik beskikbaar te stel as kanonvoer vir die Westerse Geallieerdes."**

### BELEID VERANDER

In hierdie opsig het die Amerikaners geruime tyd gelede al tot nugterheid gekom as gevolg van die besef dat die Duitsers nuttige bondgenote kan wees in die stryd teen Rusland. Gevolglik is daar 'n paar maande gelede 'n hersieningskomitee na Duitsland gestuur om die vonnisse van Neurenberg te hersien. Etlike veroordeeldes is deur hierdie komitee reeds op vrye voet gestel.

Verder het die Amerikaners ook die dissipline oor hul eie besettingstroepe in die jongste tyd aansienlik verskerp. Dinge wat voorheen oor die hoof gesien is as 'n soort straf of vernedering vir die Duitsers, word nou streng gestraf. Drie kolonelle en vyf offisiere van laer rang is die jongste tyd tronk toe gestuur deur 'n militêre hof vir verskillende oortredings. Een kolonel is afgedank en vir 18 maande tronk toe gestuur nadat hy 'n Duitse meisie onbetaamlik aangerand het, terwyl 'n ander offisier gestraf is nadat hy drie Duitse voetgangers omgery het.

# Uitspraak Teen Geallieerdes

**By die landdagverkiesings in Württemberg-Baden, Hesse en Beiere op 17 en 26 November het die Sosiaal-demokratiese Party (opposisie) 'n meerderheid ontvang terwyl die Christelik-demokratiese Party (regeringsparty van dr. Adenauer) aansienlike verliese gely het. Aangesien die buitelandse pers die uitslag oor die boeg van herbewapening wou gooi, ontstaan die vraag of dit beskou moet word as 'n uitspraak van die Duitse volk teen 'n Duitse militêre bydrae tot die verdediging van Europa. Ons Duitse korrespondent skryf hieroor:**

Na watter kant die Duitse volk hom ook al mag gooi, dit sal altyd die een of ander besetter mishaag. Toe byvoorbeeld die Duitse volk in 1949 in die verkiesing vir die Bondsrepubliek as gevolg van sy ondervinding aan eie lyf met Moskou ten gunste van die Weste gestem het, het daar in die Westerse kamp waarskuwende stemme opgegaan dat hierdie verskuiwing na regs die bewys is van 'n nuwe en gevaarlike Duitse nasionalisme en militarisme. Die houding van die Geallieerdes daarna het ten duidelikste getoon tot watter mate hulle deur hierdie stemme beïnvloed is, en die regering van Bonn het ongetwyfeld 'n moeilike taak gehad.

Hoe ongegrond hierdie voorspellings was, het die jongste landdag-verkiesings b e w y s, want hierdie keer was daar 'n ommeswaai na links — na die Sosiaal-demokrate. Maar dit skyn nog minder te bevredig, want nou word weer gesê dat die Duitsers Kommunisties word — ten spyte van die feit dat die Kommunistiese Party al sy setels verloor het.

### GEWILLIG

Die verskil in standpunt tussen dr. Schumacher (opposisieleier) en dr. Adenauer oor die herbewapening van Duitsland is maar net 'n omkering van die tydsverloop van die voorgestelde voorwaardes. Ook dr. Schumacher het verklaar dat hy diensweiering nie sal duld nie indien aan die Duitse volk wapens gegee word onder sy voorwaardes. Die stryd tussen die twee partye is verskerp en die vermoede bestaan dat dr. Schumacher met groter ywer na die ontbinding van die Adenauer-kabinet sal streef om self aan die mag te kom. Die Duitse volk in sy meerderheid streef beslis nie hierdie doel na nie, net so min as wat die ekonomiese beleid van die Sosiaaldemokrate vir hulle aantreklik is.

### TEEN GEALLIEERDES

**Die verklaring vir die ommeswaai lê daarin dat die Wes-Duitse volk hom teen die Geallieerdes gedraai het en persoonlik teen dr. Adenauer wat die indruk geskep het dat hy in die geheim met die Geallieerdes 'n beslissing wil neem oor die belangrike vraagstuk van herbewapening.** Die Wes-Duitse volk is gekant teen die Geallieerde metode om Duitsers te werf as tweedeklas soldate. Hulle besef die noodsaaklikheid van "n Duitse militêre bydrae tot die

(Vervolg in kolom 3)

(Vervolg van kolom 5)

verdediging van Wes-Europa, maar eis gelyke regte vir gelyke pligte en 'n beleid teenoor die Wes-Duitse volk wat minder deurspek is van agterdog en teenstrydighede. Verklarings nog onlangs in Geallieerde kringe gemaak dat „voorsorg getref moet word in geval die Duitsers weer wild sou word", gee nie te veel blyke van diplomasie en sielkundige begrip nie.

In die afgelope verkiesings was die Sosiaal-demokrate nie soseer die winners as wat die Geallieerdes — en agter hulle Adenauer — die verloorders was nie.

# VLOTTENDE STEM LAAT BRITSE REGERING KANTEL

**Berigte uit Brittanje is feitlik eenstemmig dat die Arbeiderbewind se dae getel is. Die jongste vervroegde verkiesing aan die begin van jaar het die party ternouernood met 'n halfdosyn setels gewen nadat hy slegs vier en 'n half jaar gelede 'n byna tweederde-meerderheid by die stembus behaal het.**

Die redes vir hierdie agteruitgang, soos opgenoem deur die Sunday Pictorial, is interessant, veral ook vir Suid-Afrika omdat die Britse stelsel hier in swang is en dieselfde feite dus ook vir ons geld:

**„Die onpartydige waarnemer wat die regering se dade van die afgelope agttien maande nagaan, sal verwonder wees oor hierdie kentering in die politieke geluk. Ondanks al die swartgallige voorspellings van Torykant was devaluasie so 'n welslae dat die Amerikaners tans aan die hand doen dat die Britse Marshallhulp voor 1952 beëindig moet word.**

**„Wat pryse betref, is dit, soos mnr. Gaitskell, die minister van finansies, dit in sy eerste toespraak onweersprekklik aangetoon het, in geen ander land ter wêreld so konstant gehou soos hier nie (hoe dikwels kry ons volk nie dieselfde versekering van sy regering nie!—Red.) Net so is mnr. Bevan reg in sy aanspraak dat ons meer en beter huise gebou het as enige land in die wêreld, en dat ons inderdaad meer huise per kop van die bevolking besit as voor die oorlog.**


„Indien ons nie alles onder die Arbeidersbewind verkry het wat ons begeer nie, dan is ons ten minste 'n groot deel van die ellende gespaar van 'n radelose wêreld.

**„Dit is alles baie waar, maar dit sê niks. Die vlottende stem, wat verkiesings beslis, is nooit beïndruk wanneer hy deur politici vertel word dat hy ôf beter daaraan toe is as wat hy dink ôf dat hy slegter daaraan toe sou gewees het onder die teenparty nie.**

**„Hy is alleen oor twee dinge bekommerd — die lewensduurte en die woningskaarste. Hy is „teen" hulle, en aangesien die Tories baie luidrugtig ook „teen" hulle is, is hy geneig om Tory te stem."**

TOESPRAAK
KOMMANDANT-GENERAAL
Wat gelewer is by die opening van die Uniale Laertrek.
Nou verkrygbaar in pamfletvorm teen 1/- per dosyn.
Bestel by:
Posbus 1411, Kaapstad.
Posbus 1059, Pretoria.
Voorraad beperk. Bestel dadelik.

BRILLE
Bring u oogarts se voorskrif vir brille na ons.
GOEIE WERK TEEN BILLIKE PRYSE.
GEHOORAPPARAAT
OOK IN VOORRAAD
Die Voortrekker-Apteek
Kerklaan, KAAPSTAD.
Maitlandstraat, BLOEMFONTEIN.
Besoek ons of skryf om Besonderhede.




„Elke Sigaret 'n Meesterstuk"
Rembrandt is 'n mengsel van ryk beleë virginiese tabak; gewaarborg 100% suiwer, eerstegraadse blaar.
Rembrandt
ROOI VIR KURK GROEN VIR ONGEKURK
WIT VIR FILTER
„Die sigaret wat u altoos graag wou rook"
Kopiereg RA 18